SUID-AFRIKAANSE RADIOLIGA

SARLNUUS SONDAG 30 Maart 2003

U luister na amateurradiostasie ZS6SRL van die Suid-Afrikaanse Radioliga, met 'n nuusbulletin vir sy lede en ander belangstellende luisteraars.

STIL SLEUTEL

Dit is met leedwese dat ons die afsterwe op 19 Maart van Lydia Swart, ZR6LYD, die LV van Kobus Swart, ZR6KOB moet aankondig na 'n lang stryd met kanker. Sy was ook die dogter van Ronnie, ZS6BUG, en Marietha Watt. Ons innige meegevoel gaan aan haar familie en vriende.

POUSE

Weens die AJV van die SARL wat gister in Bloemfontein plaasgevind het, volg die nuus in besonderhede onmiddellik.

Ons begin met die President se verslag wat hy met die opening van die AJV gelewer het. Hier volg wat Sid Tyler, ZS6AYC te sê gehad het:

DIE PRESIDENT SE JAARVERSLAG

Met veel wat in die algemeen oor die jaar 2002 gesê is, het amateurradio steeds 'n belangrike rol gespeel, nie alleen in Suid-Afrika nie, maar deur die wêreld heen het ons die begin gesien van 'n nuwe tegnologie wat 'n hoofrol speel in die kommunikasie-industrie. Die SARL was gedurende die jaar deel van die werkgroep onder die leierskap van die Departement van Kommunikasie, Lugvaart, Uitsaaiwese en Weermag wat die taak gegee is om 'n voorstel te formuleer om die 7 MHz amateurspektrum vanaf 7,000 tot 7,300 MHz uit te brei. Hierdie voorstel sal voorgelê word aan die WRC 2003 wat later vanjaar plaasvind. Ook het ons 'n voorstel voorgelê in verband met die 70 cm-band wat soos u almal weet onder ontsettende druk is vanaf die kommersiële sektor; ons onthou almal die Olimpiese Spele wat in Australië gehou is.

Die 2002/2003 begroting was nie sonder sy eie uitdagings nie. Met bedryf onder besonder moeilike omstandighede kon die SARL nie al sy verpligtinge nakom nie. Alhoewel 'n mens nou kan terugsit en vingers wys na wie reg of verkeerd was, sal dit nie die probleem oplos nie. Dit is nodig vir die lede van die SARL en die Raad om vir 'n verandering saam te werk. Indien amateurradio in Suid-Afrika sukses moet behaal en as leier in Afrika moet voortbestaan soos begryp deur die internasionale gemeenskap, sal ons almal ons denkwyse moet verander van 'wat kry ek' na 'wat behoort ons saam te doen?' ons moet groot en oor die lang termyn dink.

Soos u almal weet het die wisselinge in kantoorpersoneel 'n groot invloed werkverrigting gehad want, soos met enige personeelveranderinge is daar altyd addisionele en onvoorsiene uitgawes. Ons nuwe kantoordame het die uitdagings met toewyding en entoesiasme die hoof gebied. Ek bedank Bill, ZS5KD, vir die

baie tyd en energie wat hy spandeer het met die opleiding en slyp van Debbie en bedank ook u die lede vir die ondersteuning aan haar verleen.

Tydens die 2002 AJV is, wat ek glo met gemengde gevoelens, besluit om uit die IARU te bedank, veral om finansiële redes en 'n aantal ander probleme. Die IARU, onder nuwe bestuur, het met die SARL kontak gemaak met die hoop om die probleme van die verlede uit te stryk. Die SARL is in die proses om 'n posisioneringstuk op te stel wat aan die IARU vir oorweging voorgelê sal word.

Gedurende 2002 het die Rustenburg Radioklub sy status verander na 'n tak van die SARL. Ek glo hierdie moedige stap sal die weg baan vir ander klubs om in hulle voetspore te volg. Die SARL sê baie dankie aan die Rustenburgse klubkomitee en sy lede deur hierdie stap te geneem het, wat ons glo die regte rigting is om te gaan. Die Secunda Amateurradioklub sal ook binnekort terugkeer na takstatus.

Deurdat amateurradio verlede jaar danksy die betrokkenheid van die Alberton Amateurradioklub by die Scopexuitstalling teenwoordig was, is die SARL genader in verband met die wetenskap- en tegnologieweek wat van 5 tot 10 Mei sal plaasvind. Hierdie is 'n aanduiding dat amateurradio steeds die geleentheid het om 'n verskil te maak; hierdie soort van aktiwiteit moet ons nie laat verbygaan nie, dankie aan Kobus, ZS6JPY.

Spesiaal baie dankie aan die klubs wat my na hul AJV's uitgenooi het, die kameraderie en gasvryheid was wonderlik.

Laastens bedank ek al die raadslede en hul families vir hul ondersteuning gedurende die jaar, sonder julle toegewydheid sou en kon die SARL nie funksioneer nie. Aan julle, die lede, wens ek julle namens die Raad te bedank vir julle voortdurende ondersteuning; as President het ek baie gedurende die jaar geleer en sal voortgaan om my ondersteuning aan die SARL te gee.

Sid Tyler, ZS6AYC. President.

VERGADERING

Die vergadering het tot laat gistermiddag aangehou met baie bespreking oor die finansiële aangeleenthede. Die voorgestelde begroting en ledegelde is nie aanvaar nie en daaroor sal 'n Spesiale Algemene Vergadering later gehou word. Daar is ook besluit om voort te gaan met die onderhandelings om weer by die IARU aan te sluit.

Agenda Item 9.1 oor die skraping van van Reël 16.3(i) is aanvaar so ook is die volgende mosie oor die hou van telekonferensies aanvaar. Die mosie oor die herbenaming van die NARC radiostasie is verwerp.

RAADSLEDE

Al die benoemde raadslede is verkies asook Kobus vd Merwe, ZS6JPY (die naam van ZR6D is Kobus Conradie, nie Danie nie). Yvonne van Dijk ZR6TBL is egter aangestel om te help met digitale aangeleenthede.

Uit die nuwe raadslede (meeste dienend en herverkies) is Sid Tyler, ZS6AYC, verkies tot President en Hans Potgieter, ZS6ALJ verkies tot Vise-President. Bekleërs van ander portefeuljes sal in 'n volgende bulletin bekend gemaak word. Aan die President en sy span, veels geluk met julle verkiesing en baie dankie dat julle julleself bereid verklaar het om vir nog 'n tydperk in die diens van amateurradio te staan en ons vertrou dat hulle hierdie jaar op u die lede se getroue ondersteuning kan staatmaak.

TOEKENNINGS GEMAAK TYDENS DIE 2003 SARL AJV DINEE

Prestasies van lede van die SARL word jaarliks in verskeie gebiede erken deur die toekenning van trofeë aan die individuele presteerders. Die name van die presteerders gedurende die afgelope jaar is tydens die dinee op Saterdagaand bekend gemaak en die trofeë is oorhandig aan die ontvangers wat teenwoordig was. Veels geluk aan julle almal en hier is die lys van die toekennings en ontvangers:

Lewenslange Erelidmaatskap

Die SARL se hoogste eerbewys, Lewenslange Erelidmaatskap, is toegeken aan Hans Potgieter, ZS6ALJ.

President se Toekenning

Die President se Toekenning is gemaak aan die Rustenburgse Tak van die SARL, die amateurradioklub wat status terug verander het na die van 'n tak van die SARL ooreenkomstig die besluit geneem tydens die 2002 AJV.

Jack Twine Toekenning

Hierdie toekenning erken die kwaliteite soos onselfsugtigheid, skoon bedryf en 'n werklike belangstelling in amateurradio en -aangeleenthede. Hierdie hoogsaangeskrewe toekenning gaan aan amateurs wat volgens die mening van hulle medeamateurs en die Raad van die Liga 'n toonbeeld is van die eienskappe wat by 'n radioamateur teenwoordig moet wees.

Die volgende persone is die waardige ontvangers van hierdie toekenning: Leon Burger ZR6BUR; Charles Carr ZS5QR; Erik Charslund ZS6AWS; Johan Classen ZS1WC; John Fielding ZS5JF; Dennis Green ZS4BS; Martin Harper ZS6MSG; Lawrence Lauf ZS5HV; Bradley Phillips ZS5BP; Henry Roodt ZS6IIX; Ockerd Taljaard ZR6ZL; Henk Veenendaal ZS6ENK.

SARL HF-Kompetisietoekennings

Stil Sleutels Gedenktrofee ESB

Toegeken deur die kompetisiekomitee aan die amateur wat die hoogste puntetelling tydens die jaarlikse HF-foonkompetisie behaal. Die trofee gaan aan Daniel Hubbard, ZS6JR.

Stil Sleutels Gedenktrofee GG

Toegeken deur die kompetisiekomitee aan die amateur wat die hoogste puntetelling in gedurende die jaarlikse HF-gelykgolfkompetisie behaal. Die trofee gaan aan Barney Fourie ZS4AQZ.

Joseph White Trofee

Toegeken deur die kompetisiekomitee aan die amateur wat die hoogste puntetelling in enige enkele band gedurende die jaarlikse HF-foonkompetisie behaal. Dit is toegeken aan Louis de Bruin, ZS5LP, vir sy prestasie op 40 m.

Fred Mills Trofee

Toegeken deur die kompetisiekomitee aan die amateur wat die hoogste puntetelling gedurende die jaarlikse HF-foon= of gelykgolfkompetisie behaal en wat nog nooit tevore 'n SARL-HF-kompetisie gewen het nie. Hierdie een is ook toegeken aan Barney Fourie, ZS4AQZ, vir sy prestasie in die gelykgolfkompetisie.

Anon Trofee

Toegeken deur die kompetisiekomitee aan die amateur wat die hoogste puntetelling in enige enkele band gedurende die jaarlikse HF-gelykgolfkompetisie behaal. Dit is toegeken aan Rudi Venter, ZS6DX, vir sy puntetelling op 40 m.

HOS-Trough Trofee

Toegeken deur die kompetisiekomitee aan die amateur wat die hoogste totale puntetelling in die jaarlikse HF-kompetisies behaal. Hans Kappetijn, ZS6KR, het hierdie een verdien.

Die Klubdeelnametoekenning

Toegeken deur die kompetisiekomitee aan die klub met die hoogste aantal deelnemers aan beide die HF- foon- en GG-kompetisies en dit het gegaan aan die Pretoria Amateurradioklub.

Bedryfstoekennings

Radio ZS 2 m Trofee

Hierdie trofee word toegeken deur die Raad aan die amateur wat gedurende die jaar die verste kontak op 2 m bewerkstellig het. Dit is gesamentlik toegeken aan Paul Smit, ZS6NK, voorheen ZS6PJS en Pieter Jacobs, ZR1AEE, vir 'n nuwe Suid-Afrikaanse rekord met gebruik van WJST tussen Pietersburg en Kaapstad op die 20ste Januarie 2002.

Radio ZS-toekennings

Die J J Pienaar-trofee word toegeken deur die redakteur van Radio ZS vir die beste artikel gedurende die afgelope jaar in Radio ZS gepubliseer. Dit gaan aan Hans Kappetijn, ZS6KR, vir sy artikel 'A Versatile Gel Cell Charger'.

Die Radio ZS-skild word toegeken deur die redakteur van Radio ZS aan 'n SARL-geaffileerde klub wat of lid wat Radio ZS die beste gedurende die afgelope jaar

ondersteun het. Die ontvanger is Rudi Venter, ZS6DX, vir sy reeks 'On the Application Level'.

Die Gary Immelman RA-Erfenis Wisseltrofee word deur die Raad toegeken vir die beste artikel van 'n historiese aard of 'n gebeurtenis wat meer as vyf jaar gelede plaasgevind het of 'n interessante persoonlikheid wat 'n belangrike rol in die ontwikkeling van amateurradio gespeel het in die jare wat verby is. Mike Bosch, ZS2FM, het hierdie trofee vir sy artikel oor Nicola Tesla ontvang.

Tegniese Toekenning

Die Arlund Ussher Goue Pen-is deur die Raad toegeken aan G A Keen omdat hy die hoogste punte in die RAE behaal het.

SARL KOMPETISIES

Gedurende April vind twee SARL kompetisies plaas. Op Donderdag 3 April word die eerste SARL 80 meter ESB QSO-geselligheid gehou tussen 19:00 en 22:00 SAT op die bandgedeelte 3,600 tot 3,650 MHz.

Vanaf 14:00 tot 16:00 SAT op Sondag 13 April vind die jaarlikse SARL Hamnet 40 meter Gesimuleerde NoodKompetisie plaas. Die reëls vir beide hierdie kompetisies asook die algemene reëls is beskikbaar op die SARL webwerf by www.sarl.org.za

INTEGNET 2003 VAN 30 MAART SAL JOU INSETTE BENODIG

Die SARL Integnet 2003 wat vanaand gaan plaasvind, sal heelwat insette van die luisteraars benodig. Die onderwerp vir bespreking sal gaan oor "Wat kan ek as gelisensieerde radioamateur doen om my stokperdjie te bevorder en te ontwikkel?"

Sluit aan by die bespreking wat om 20:00 begin op 'n herhaler naby jou of op 3718 kHz.

AKTIVERING VAN ROBBENEILAND (AF-064)

Robbeneiland (AF-064) is gelys tussen die top 500 mees begeerde IOTA-groepe in die jongste IOTA-gids. Daar was 'n aantal redelike laeprofiel bedrywighede tydens die afgelope jare, hoofsaaklik ESB alleen. Die span bestaande uit Phil/G3SWH, David/G3UNA, Vidi/ZS1EL, Kosie/ZS1SR, Malcolm/ZS1MC en Andrew/ZS1AN, is die spesiale roepsein ZS1RBN aan toegeken. Addisioneel tel die vuurtoring op die eiland as SAF023 vir die Amateurradio Vuurtoringdiens (ARLHS).

Die span beplan om die eiland tussen 4 en 7 April te aktiveer en, indien weerstoestande dit toelaat, twee stasies op 'n 24-uur basis op die lug te hê, een op ESB en die ander op GG op alle bande van 80 tot 10 m.

Verskieslike bedryfsfrekwensies sal as volg wees:

ESB: 3755, 7055, 14260, 18128, 21260, 24950 and 28460 kHz; GG: 3530, 7026, 10115, 14040, 18098, 21040, 24920 en 28040 kHz. Desnieteenstaande mag klein

afwykings nodig wees bv as die aangekondigde frekwensie besig is, nie te besig is nie of as QRM ondervind word.

QSL's sal deur G3SWH hanteer word, of direk na sy CBA (21 Dickensons Grove, Congresbury, Bristol, BS49 5HQ, U.K.) met 'n selfgeadresseerde koevert en terugsendingsposgeld of via die RSGB buro.

VERANDERINGS IN FREKWENSIE EN TYD VAN ARMI-UITSENDINGS

Net 'n herinnering daaraan dat vanaf 30 Maart die uitsending van Amateur Radio Mirror International om 10:00 SAT op 17815 kHz en 9750 kHz sal geskied in plaas van 21560 kHz. Vanaf 31 Maart sal die heruitsending op Maandagaande om 21:00, di een uur later as tans, plaasvind maar die frekwensie sal onveranderd 3215 kHz bly.

Hierdie bulletin is saamgestel deur Gustav, ZS6BWN en gelees deur …… vanuit …… as 'n diens aan radioamateurs, kortgolfluisteraars en elektronikaentoesiaste.

Die SARL nooi u ook om Sondae om 10:00 na Amateur Radio Mirror International op 21560, 9750 en 7082 kHz en 145,625 MHz in die Oos Londen-, 145,650 in die Durban- en 145,750 MHz in die Pretoriagebied te luister. 'n Heruitsending kan Maandagaande om 20:00 SAT op 3215 kHz gehoor word. ARMI word deur Telkom en Sentech geborg.

U het geluister na ZS6SRL, dankie dat u by ons aangesluit het. Baie dankie aan diegene wat items vir die bulletins verskaf en aan al die amateurs wat so gereeld die herleidings waarneem.

Hierdie Afrikaanse uitsending eindig nou en SARLNUUS wens u 'n aangename week toe.

Totsiens almal.

/EX